YLA Crochet Along Deel 2

Dit is tyd vir deel 2 van die YLA Crochet Along Vier Seisoene! In hierdie deel gaan ons die eerste twee sirkels voltooi. Is jy gereed? Laat ons begin. Moenie vergeet nie: dit is belangrik om alles baie sorgvuldig te lees. ☺

Materiaal:

- YLA CAL wol pak, met 15 bolle Caron of 15 bolle Stylecraft. Die wolpak bestaan uit 11 kleure, 4 bolle is van die hoof kleur.
- Hekelpen 5mm of VS H/8 (Caron), of hekelpen 4mm of VS G/6 (Stylecraft,) of die hekelpen grootte nodig om die regte spanning te handhaaf.
- Steek merkers
- skêr
- Tapeserie naald om wol endte mee weg te weef

Afkortings:

ks	Kettingsteek
gls	Glipsteek
kb	Kortbeen
hlb	Halwe langbeen
lb	Langbeen
dslb	Dubbelslag langbeen
ks-sp	Kettingsteek-spasie
lb3tes	Langbeen 3 tesame
VHdrieslb	Voorste Hekkie drieslag langbeen
st	Steek

KOPIEREG AANDAG: hierdie patroon is beskerm deur kopiereg en is die eiendom van YLA Lifestyle & Wol. Geen verandering aan die patroon word toegelaat nie. Verspreiding (gratis) van die patroon word streng verbied.

Kleur kaart, per seisoen en per wol

Om dit maklik te maak vir jou het ons 'n kleur kaart vir elke rondte gemaak, vir elke wol pak. Nou kan jy maklik in een oog opslag sien watter kleur jy nodig het.

	Caron Winter	Stylecraft Winter	Caron Spring	Stylecraft Spring
Rondte 21	Ocean	Petrol	Plum Wine	Pale Rose
Rondte 22	Ocean	Petrol	Plum Wine	Pale Rose
Rondte 23	Ocean	Petrol	Plum Wine	Pale Rose
Rondte 24	Robin's Egg	Sherbet	Soft Pink	Candy Floss
Rondte 25	Cool Green	Aspen	Sparkle Violet	ByClaire Sparkle Lila
Rondte 26	Purple	Emperor	Soft Green	Duck Egg
Rondte 27	Grape	Violet	Orchid	Wisteria
Rondte 28	Grape	Violet	Orchid	Wisteria
Rondte 29	White	White	Off White	Cream
Rondte 30	Soft Blue	Cloud Blue	Strawberry	Shrimp
Rondte 31	Blue Mint	Turquoise	Soft Pink	Candy Floss
Rondte 32	Iris	Lobelia	Light Country Blue	Storm Blue
Rondte 33	Iris	Lobelia	Light Country Blue	Storm Blue

	Caron Summer	Stylecraft Summer	Caron Autumn	Stylecraft Autumn
Rondte 21	Limelight	Grass Green	Chocolate	Walnut
Rondte 22	Limelight	Grass Green	Chocolate	Walnut
Rondte 23	Limelight	Grass Green	Chocolate	Walnut
Rondte 24	White	White	Gold	Saffron
Rondte 25	Green	Kelly Green	Bone	Stone
Rondte 26	Cobalt Blue	Turquoise	Sparkle Red	ByClaire Sparkle Rood
Rondte 27	Royal Blue	Royal	Taupe	Mocha
Rondte 28	Royal Blue	Royal	Taupe	Mocha
Rondte 29	Grape	Magenta	Gold	Saffron
Rondte 30	Sparkle Fuchsia	ByClaire Sparkle Fuchsia	Burgundy	Burgundy
Rondte 31	Watermelon	Fondant	Harvest Red	Lipstick
Rondte 32	Red	Matador	Light Country Peach	Apricot
Rondte 33	Red	Matador	Light Country Peach	Apricot

Patroon sirkel 1.2

In hierdie deel gaan ons werk met rondtes 21 - 33 van die eerste sirkel.

AANDAG: maak hierdie sirkel twee keer!

Rondte 21: werk met die agterkant na voor, heg rondom die basis van enige oorgeslaande kb van rondte 19 (sien foto), 8 ks (eerste ks tel as kb), *slaan 1 oorgeslaande kb oor, 1 kb in die volgende oorgeslaande kb, 7 kb, herhaal van * tot by die einde, heg aan die eerste begin ks, moenie afheg nie. (18 ks-sp)

Aandag: die rye kettingsteke gaan effens in trek, maar moenie bekommerd wees nie, hierdie sal reg trek in die volgende rondte.

Rondte 22: regte kant na voor, gls in die volgende ks-sp, 4-ks (tel as 1 dslb), 8 dslb in ks-sp, 1 dslb in die volgende kb tussen die 2 ks-sp, *9 dslb in volgende ks-sp, 1 dslb in die volgende kb tussen die 2 ks-sp, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin 4-ks, moenie afheg nie. (180 st)

Rondte 23: 2 ks (tel as 1 hlb), 1 hlb in elke st tot by die einde, heg met 'n gls, heg af. (180 st)



Rondte 24: heg in enige st van die vorige rondte en werk 3-ks (tel as 1 kb + 2 ks), slaan 2 st oor, *1 kb in die volgende st, 2 ks, slaan 2 st oor, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-1, heg af. (60 kb & 60 ks-sp)

Jou werk gaan weer effens intrek, moenie bekommerd wees nie, hierdie sal weer reg trek in die volgende rondte.

Rondte 25: heg in enige ks-sp van die vorige rondte en werk 3-ks (tel as 1 lb), 2 lb in dieselfde ks-sp, 1 ks, *3 lb in die volgende ks-sp, 1 ks, herhaal van * tot by die einde, heg met gls aan die eerste begin 3-ks, heg af. (60 3-lb groepe)

Rondte 26: heg in enige ks-sp van die vorige rondte en werk 3-ks (tel as 1 lb), [1 lb, 1 dslb, 2 lb] in dieselfde ks-sp, 1 VHdrieslb rondom die basis van die hlb, wat onder die kb in rondte 24 lê – as jy regs handig is sal hierdie steek net regs van die kb wees, indien jy linkshandig is sal hierdie steek net links van die kb wees -- (sien foto), 3-ks, slaan 3 lb + 1 ks-sp + die volgende 3 lb van die laaste rondte oor, *1 VHdrieslb rondom die basis van die hlb wat net onder die kb in rondte 24 lê, [2 lb, 1 dslb, 2 lb] in die volgende ks-sp, 1 VHdrieslb rondte dieselfde st as jou vorige VHdrieslb, 3-ks, slaan 3 lb + 1 ks-sp + die volgende 3 lb van die laaste rondte oor, herhaal van * tot by die einde, eindig met 1 VHdrieslb rondom dieselfde st as jou eerste VHdrieslb, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-3, heg af. (30 waaiers)

Om jou te help met hierdie rondte het ons 'n video gemaak (dit is in Duits, maar dit sal baie duidelik wees deur net te kyk) om te wys presies waar jy die spasies kan kry om jou VHdrieslb te werk. Kyk hier na die video

Rondte 27: heg in enige ks-sp tussen 2 waaiers van die vorige rondte en werk 1 ks (tel as 1 kb), 3 kb in dieselfde ks-sp, 2 ks (hierdie lê agter die waaiers van die laaste rondte), *4 kb in die volgende ks-sp, 2 ks, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-1, moenie afheg nie. (120 kb & 30 ks-sp)

Rondte 28: 3-ks (tel as 1 lb), 3 lb, 4 lb in die volgende ks-sp, *4 lb, 4 lb in die volgende ks-sp, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-3, heg af (240 st)

Rondte 29: heg in enige eerste lb van 'n 4-lb groep agter 'n waaier van die vorige rondte en werk 2 ks (tel as 1 kb), 5 kb, 1 dslb in die ks-sp van rondte 25, slaan 1 kb (lê agter jou dslb) oor, *7 kb, 1 dslb in ks-sp, slaan 1 kb oor, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-2, heg af. (240 st)



Rondte 30: heg in enige dslb van die laaste rondte en werk 4-ks (tel as 1 kb + 3-ks), slaan 3 st oor, *1 kb in volgende st, 3-ks, slaan 3 st oor, herhaal van * tot by die einde, heg met 'n gls aan die begin 1-ks, heg af. (60 kb & 60 ks-sp)

Rondte 31: heg in enige ks-sp van die laaste rondte en werk 3-ks (tel as 1 lb), 3 lb in dieselfde ks-sp, 4 lb in elke ks-sp tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-3, heg af. (60 4-lb groepe)

Rondte 32: heg in enige st van die laaste rondte en werk 2 ks (tel as 1 kb), werk 1 kb in elke st tot by die einde, heg met 'n gls aan die eerste begin ks-2, moenie afheg nie. (240 st)

Rondte 33: 2 ks (tel as 1 kb), 239 kb, heg met 'n gls, heg af (240 st)

Die diameter van jou sirkel gaan nou ongeveer 52 cm (20.5 duim) meet